TRANSVALER

Laurika beïndruk — soos altyd

Aanbieding: Laurika Rauch — Solo
Begelei deur: Wessel van Wyk
Plek: Bistro, Hotel Protea Hof

Anita de Kock

LAURIKA RAUCH is een van die kunstenaars in die land wie se optredes altyd groot belangstelling wek.

Sy het onlangs na Pretoria verhuis en benewens haar optrede in Die Hartstog Boulevard is dié haar eerste wäre optrede in Pretoria.

Haar program bestaan uit 'n verskeidenheid liedjies — van haar platetreffers tot bekende liedjies van Jacques Brel en Carole King, en selfs twee nommertjies uit die baie gewilde revue, *Van Berlyn tot Bapsfontein*.

Verskeie van die liedjies, soos *Sjaantje*, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, en *Lelikheid* is vooraf met vertellings uit haar lewe toegelig. Iets wat opgeval het, is dat die musiek opgewek en selfs komies was, maar dit was 'n lag met 'n traan ...

Laurika Rauch is steeds een van die heel beste kunstenaars.

Haar stem is 'n genot om na te luister en haar vertolkings uitstekend. Haar kontak met haar gehoor is uitsonderlik en daar is niemand in die gehoor wat kan sê dat sy nie spesiaal vir hom of haar gesing het nie.

Deel van die sukses van die aanbieding moet gaan aan Wessel van Wyk, wat haar nie net op uitstekende wyse begelei het nie, maar ook aktief aan die program deelgeneem het.

In liedjies soos *Op Blouberg se strand*, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, en *Madeline* het hy saam met haar gesing en hul stemme het verrassend goed geharmonieer. Die kontak tussen hulle het ook opgeval.

Die *Bistro* is miskien ietwat klein vir die omvang van Rauch se stem, maar dit doen nie afbreuk aan die vertoning nie ... en dié aanbieding kan gewis as een van die hoogtepunte van die jaar in die stad beskou word.

Laurika Rauch — Solo word nog tot 1 Desember aangebied.

Besprekings moet by die hotel gedoen word en dit sluit 'n ete in. Skakel (012) 322-7570.